**Skriflesing:** Markus 3: 1-19
Teks: **Markus 3: 14 – 15**
**Sing: VOORAF SANG – Sb 17-2 (18):1,5,8 – Ps. 100 se wysie**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 147: 1,2; Ps. 71:12, 14; Ps. 45: 9,10; Ps. 84: 5,6**
**Markus 3: 1-19**

Mar 3:1 Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was 'n man met 'n gebreklike hand.
Mar 3:2 Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daaroor kon aankla.
Mar 3:3 Hy sê toe vir die man met die gebreklike hand: "Staan op hier tussen hulle!"
Mar 3:4 Daarna vra Hy vir hulle: "Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?" Hulle het egter niks gesê nie.
Mar 3:5 Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man: "Steek jou hand uit!" Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond.
Mar 3:6 Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.
Mar 3:7 Jesus het toe met sy dissipels teruggegaan na die see toe. 'n Menigte mense het van Galilea af agter Hom aan gegaan. Ook van Judea af,
Mar 3:8 en uit Jerusalem en van Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, het daar baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.
Mar 3:9 Weens die gedrang het Hy vir sy dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg te hou sodat die mense Hom nie vertrap nie.
Mar 3:10 Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.
Mar 3:11 As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: "U is die Seun van God!"
Mar 3:12 Maar Hy het hulle baie uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.
Mar 3:13 Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle het na Hom toe gekom.
Mar 3:14 Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.
Mar 3:15 Hulle het ook die mag ontvang om bose geeste uit te drywe.
Mar 3:16 Hy het hierdie twaalf aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem het,
Mar 3:17 Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê "manne van die donder" –
Mar 3:18 Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër,
Mar 3:19 en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

**Skriflesing:** Markus 3: 1-19
Teks: **Markus 3: 14 – 15**
**Sing: VOORAF SANG – Sb 17-2 (18):1,5,8 – Ps. 100 se wysie**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 147: 1,2; Ps. 71:12, 14; Ps. 45: 9,10; Ps. 84: 5,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vandag is ons by ’n besondere groep mense. Verlede Sondag het ons al daarop kon wys dat in die enkele hoofstuk van Markus kan ons ten minste vyf groepe (dalk selfs ses groepe) van mense onderskei, verskillende groepe wat wys op ’n verskeidenheid van benaderings wat daar tot Jesus was. Die eerste groep was hulle wat daarop ingestel was dat Jesus vir ons sekere dinge moet doen. Hy wat my siekte moet kan gesond maak, by andere het hy demone by die mense uitgedryf . Ons het in die begin gelees voordat Jesus na die see uitgewyk het, het Hy al daar by die sinagoge ’n man met ’n gebreklike hand gesond gemaak. Wonderwerk na wonderwerk het die mense in groot skares na Jesus toe aangetrek. Dit is die sensasionele, ons as mense se eie welvaart wat gedien moes word. So lank Jesus vir die mense op die horisontaal, tydelik aardse vlak dinge kon doen en

op aarde besondere dinge laat gebeur, dan stroom die skares na Hom toe. Ons lees dat Jesus in ’n stadium daar teen die see bang was hulle Hom kon vertrap. Hy het ’n boot gevra dat Hy darem net onder die mense se voete die see-in kon uitbeweeg. Dit het gemaak dat Jesus ’n tyd lank, ja let wel, eintlik maar ’n baie kort tyd ’n baie gewilde Mens onder die mense was. So lank Hy wonders doen en bonatuurlike dinge laat gebeur dan hou hulle van Hom. Wat kan Hy vir my doen, dit is waarop al hierdie mense ingestel was. So lank dit tot my voordeel is, dan volg hulle Hom.

***

Tog in dieselfde tyd, daar by die sinagoge het dit al begin deurskemer die Man wat aangrypend wonders kon doen, moet nie ons ook wil leer nie. Ons wil nie onderrig word (gekatkiseer word) nie. By die sinagoge maak Jesus die man met die gebreklike hand op die Sabbat gesond. Hierdie wondere daad het Jesus aan ’n bepaalde onderrig in die leer en in die geloof gebind. Dit was ’n “leervraag” as Jesus die mense daar by die sinagoge vra *“Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?”*

Dieselfde tipe leer het Jesus ook in ’n stadium laat vra is die mens vir die Sabbat gemaak of is die Sabbat vir die mens gemaak... Tog is dit die waarheid rondom die leer wat Jesus verkondig het, dit wat Hom by andere weer baie ongewild gemaak het. Daardie vraag wat uit ’n wonderwerk spruit moet aan die geloof en aan die waarheid diensbaar wees, maar ons as mense is van nature geneig om nie aan die ware leer, die gesonde leer, in ons terme sou ons kon sê, aan die gereformeerde leer, gebind te wil wees nie. Die mens het iets van ’n natuurlike weerstand teen die gesonde leer ...

As Jesus die vraag na die gesonde leer vra dan is dit eerder asof die mense ’n duideliker en meer direkte vyandigheid teenoor Hom wat die Here is na vore bring. Jesus het dit geweet en gesien die afkeer en al hoe groter vyandigheid teenoor Hom. Dit wat Jesus se menslike reaksie was, staan in vers 5. Jesus wat ook kwaad kon word ... *5 Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid.* En dan doen Jesus die wonderwerk. Die man moes net sy hand na Jesus uitsteek en toe word sy hand gesond. Dit was ’n gebeurtenis, kan ons sê op die kerkstoep, by die sinagoge van daardie tyd. Tog is dit wat Markus dan in vers 8 dit stel - *6 Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.*

*I****

Die goeddoen van Jesus, die vraag na die gesonde leer, die ware leer, wat beteken die Sabbat vir die mens. Om met die gesonde leer gekonfronteer te word, dit maak die kerkleiers van daardie tyd maar ook ’n gedeelte van ’n politieke groepering baie kwaad. Die kerk, ja die valse kerk, by monde van die Fariseërs en die staat by monde van die Herodiane smee ’n komplot om Jesus om die lewe te bring. Dit maak die kerk van sy tyd vir Jesus ’n gevaarlike plek, want as die kerk nie meer ware kerk is nie, dan is daar min dinge so gevaarlik soos ’n kerk wat as kerk voorgehou word maar eintlik geen kerk meer kan wees nie. Die valse kerk dra nie net ’n gevaarlike naam nie, maar word ’n uiters gevaarlike beweging.

***

Te midde van hierdie tipe gevare is waar ons teksverse vandag na vore kom. Jesus het skares wat Hom gevolg het, wat Hom in baie opsigte wou misbruik, maar het ons van hierdie tweede groep mense vandag op die Sondag van ons voorbereiding kennis kon neem. Die groep wat Jesus se nouer kring van dissipels sou kon word. Intussen het Jesus Hom van die sinagoge onttrek, daar waar mense ’n komplot teen Hom gesmee het, ook het ons verlede Sondag gehoor van die skares wat daar teen die see na Jesus gekom het, maar dan beweeg Jesus weg van die see. In Lukas 6 lees ons dat vóór ons teksverse in werking gekom het, ja voordat Jesus hierdie twaalf manne gekies het, het Hy eers ’n hele nag in gebed met God deurgebring. Jesus sou altyd wanneer daar sulke groot en indringende besluite en optredes moes volg eers met God die Vader dit deurpraat. Die Vader wat wil dat ons ook die groot besluite in ons lewens moet kan verantwoord en met Hom moet kan deurpraat.

***

As Jesus hierdie twaalf manne kies dan weet Jesus hierdie is in ’n sekere sin ewigheidswerk wat gedoen moet word. Hierdie tweede groep se benadering is eintlik op geen wyse maar net ’n gewone benadering wat daar tot Jesus was nie. Die kerk van alle eeue sou gebou moes word op die leer wat hierdie apostels die wêreld sou indra. Ook het Jesus geweet hoe belangrik dit sal wees dat hierdie manne eers behoorlik met Hom tyd sal moet deurbring. Hulle waarlik eers sy dissipels sal moet wees voor hulle die werk kan voortsit wat Jesus met hulle begin. ’n Dissipel sal eers moes leer en toegerus moes word. Daarom dat hulle vir ’n tyd lank baie naby Jesus moes wees. In sy woorde, sy optrede, in sy wonders, selfs in sy gebede, in so baie opsigte sou hulle leerlinge van Jesus moes wees. ’n Dissipel is altyd die twee dinge tegelyk, leerling en volgeling. Dadelik hiermee saam het Jesus die tweërlei doel van hulle roeping ook met hulle sou bevestig. Hy maak hulle sy dissipels om hulle later eers sy apostels te maak.

’n Apostel is een wat weet wat dit beteken om na binne maar ook later na buite te lewe. Eers die lewe na binne ... ’n Lewe na binne vir hierdie twaalf sou beteken Jesus het ons vir Hom uitgekies, Hy het ons vir Hom afgesonder, in hierdie klein kring moet ons bereid wees om al ons tyd saam met Jesus deur te bring. Ons kan dit ook anders stel – hulle sou eers in die geloof by Jesus moes ingaan wat ’n uitgaan uit hulle wêreld meegebring het. Hulle moes bereid wees om van aardse drukte en dinge afskeid te neem, dinge wat so maklik die aandag kan aflei want sou die dae nou aanbreek dat hulle by die Here moet kan stil word. Hy wat hulle moes leer en toerus vir die eiesoortige roeping en opdrag wat later op hulle sou wag.

***

As ons die dinge hoor, dan besef ons niemand vandag kan weer as apostel van die Here dien nie. Dit was ’n buitengewone amp en in die opsig wel ook ’n tydelike amp. Tog moet ons by voorbereiding onsself nie wil losmaak van lewensbeginsels wat by die dissipels, hulle die latere apostels sou geld nie. Ons noem onsself ’n apostoliese kerk ook as ons gaan Nagmaal vier. Dit beteken dat die leer van die apostels is die leer waarop ons kerk steeds gebou is. Hulle wat op hulle beurt niks anders wou leer as net dit wat Christus hulle geleer het nie. Ons moet ook niks anders wil leer as net die leer van Christus soos deur die apostels in die wêreld uitgedra. Want hierdie twaalf dissipels wat ’n lewe na binne met Jesus kon lewe is dieselfde twaalf wat later juis ’n lewe na buite moes lewe sodat hulle leer ’n leer kon word waarmee die wêreld geleer kan word. Hulle wat eers op ’n manier uit die wêreld gehaal moes word om tog wel dan later op die regte manier weer in die wêreld te moet ingaan.

***

As ons dit sê dan is dit eintlik so wonderlik dat al was die apostels net ’n tyd lank in die amp, daar kon nie weer en weer apostels aangestel word nie, hulle moes hulle tyd uitdien, lewenslank hierdie roeping uitleef en toe was daar nie weer iets soos apostels nie. Tog is die beginsels wat by hulle gegeld het ook die beginsels en leer wat ons almal wat vir Nagmaal voorberei onsself ten nouste mee moet kan identifiseer. Om met voorbereiding in jouself gekeer te raak, jouself te ondersoek, daadwerklik te toets is my leer en lewe ooreenkomstig dit wat God van my verwag. In daardie sin moet ek myself uit die wêreld haal maar dadelik besef ek en jy vandag ek moet ook weer na die wêreld kan terugkeer.

Die wêreld moet jou en my sien nie as apostels nie, want dit kan ons nie wees nie, maar steeds volgelinge, dienaars van Christus. Op ’n baie unieke wyse moet ons steeds dissipels van Jesus Christus wees, Hy die opgestane Here wat steeds die kerk daarstel nie om as Kerk heeltyd in onsself gekeer te raak nie, maar is die kerk eers waarlik kerk as dit uitgaan in

hierdie wêreld en die wêreld word gekonfronteer met die dinge waarmee ook die apostels die wêreld gekonfronteer het. Ons almal in die amp van die gelowige het eintlik nie ’n ander opdrag as die apostels (letterlike die *uitgestuurdes*) toe hulle die wêreld moes ingaan om Christus te verkondig, sy leer voort te leef.

***

Ons teksverse stel dit baie kompak tog baie duidelik- *Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.* In die tyd van die bly by Jesus, was hulle sy dissipels, Jesus het hulle van die begin af geroep en aangestel, maar toe hulle apostels geword het, is juis toe hulle uitgestuur was om te preek. Hulle is so duidelik die grondleggers, die padmakers vir wat die kerk van die Here later moes doen en steeds vandag moet doen. In die kerk word ons geroep om altyd by Christus te bly, ja deur sy Woord en Gees kan ons by Hom bly. Altyd nog weer van Hom leer, werklike kosbare stiltetyd en “binnetyd” saam met Christus deurbring, ons mag dit nooit verwaarloos nie. Dit is iets wat steeds daagliks moet gebeur!

Tog mag die binnetyd nie so gereserveerd raak dat ek nie na buite uitbeweeg en dit duidelik en hard verkondig Wie is die Een wat roep, Wie is die Een wat regeer, ja Wie regeer oor alles, letterlik alles, Wie is die Eienaar van hierdie Kerk. Aan Wie behoort alle dinge. Die wêreld en die volheid daarvan! Wie is die Een wat die wêreld roep dat hulle hul moet bekeer en dat hulle na Christus toe moet draai. Ek en jy wat Nagmaal gaan vier, in ’n sekere sin ’n baie intieme na binne gebeurtenis, ons deel dieselfde brood en wyn wat wys op hierdie besondere intimiteit wat ons met Christus en met mekaar as gemeenskap van heiliges wil hê, maar dat ek dan juis vanuit die Nagmaal weer die wêreld wil inbeweeg met dieselfde boodskap waarmee die apostels die wêreld ingestuur was en waarmee hulle die wêreld moes konfronteer.

Konfronteer klink na ’n harde woord maar dit is presies wat die kerk in die wêreld moet gaan doen. In Johannes 16 stel Jesus dit – deur die Heilige Gees moet ons die wêreld *oortuig van sonde, van geregtigheid en van God se oordeel* (vgl. Joh 16:8) Ons moet die wêreld duidelik daarop wys hoe God die sonde haat, ’n Kerk wat nie bereid is om die wêreld te konfronteer met sonde wat die wêreld van moet weet en wat die wêreld geen verskoning meer mag bied om met die sonde te breek nie. As die kerk nie hierdie konfrontasie meer kan hanteer nie dan is dit geen ware kerk meer nie. Die wêreld moet hoor dat God sal oordeel, die wêreld moet soveel te meer God se geregtigheid in Christus hoor want die prys wat Christus betaal het dat

daar reg tussen God en ons kon kom, is geen geringe prys nie. Dit is die boodskap wat die apostels moes uitdra, ook dit wat Paulus by uitstek sou verkondig.

***

Paulus, in 'n sekere sin, die dertiende apostel. Paulus die apostel wat juis die wêreld moes in soos geen van die ander apostels dit gedoen het nie. Paulus het ná sy bekering nie teruggedeins nie, ja hy was sending-apostel in elke opsig. Eers moes hy ook 'n klomp jare na binne lewe, ná sy bekering moes hy lank in Arabië deurbring (14 jaar lank) om werklik opgelei te moes word nadat alles met hom op die pad na Damaskus begin het. By Damaskus en dan vir die klomp jare in Arabië was hy na binne met die evangelie gekonfronteer, hoe sou hy nie die wêreld met die deurbraak van God se geregtigheid in Christus aanhoudend na buite moes konfronteer nie?! Weereens dit begin na binne en dan beweeg dit na buite. Elke Nagmaalviering is eintlik 'n bevestiging hiervan. Daarom dat deeglike teologiese opleiding ook van onskatbare waarde beskou moet word. Ons as kerke moet sorg dat studente behoorlik toegerus is en opgelei word voordat hulle die bediening mag ingaan. Ses of sewe jaar studie is nog altyd nodig. Dit waarvoor kuratore ook in ons kerkverband deur kerklike vergaderings verkies en aangewys word om oor hierdie opleiding behoorlik toesig te moet hou.

Ons sluit vandag ons voorbereiding af met dit wat die apostels in hoofsaak moes doen - Hulle moes kon preek ... dit staan vóór alles, met die Here onderhandel ons nie daaroor nie. Preke en nogmaals preke, baie in die wêreld beskou dit as dwaasheid en dalk van die swakste maniere van kommunikasie wat die moderne eeu met sy baie middele ons bied, maar dit wat die wêreld as dwaasheid mag beskou is God se wysheid om die kerk te bou. Op die afgelope Hervormingsondag kon ons die waarde van die suiwere melk van God se evangelie weer na vore bring. God werk nog altyd deur die dwaasheid van die prediking om dié wat gered moet word deur die Woordbediening tot die geloof te bring en die wat glo te red.

Daardie twaalf manne het daarmee begin, ons mag met dieselfde boodskap nie ophou nie. Daardie twaalf was direk ook met die boosheid van bose mense maar ook met die boosheid op sigself gekonfronteer. Hulle kon wel bose geeste uitdryf; ons het nie direk daardie opdrag van die Here ontvang om die bose in mense direk aan te spreek en te probeer uitdryf nie. Tog mag ons nie maak of die boosheid in ons tyd 'n kleiner gevaar en realiteit was as wat dit vroeër die geval was nie. Jesus het ons gewaarsku hoe groot en werklik die boosheid is en

nooit sal Satan ophou om soos ’n brullende leeu te verslind met dit waarin hy alles aan die werk sal stel om dit uit te voer nie.

Daarom laat ons hierdie twaalf vanoggend by ons voorbereiding opnuut met dankbaarheid voor oë hou. God wou weereens met die getal twaalf werk, God wou weer die knegskap van sy kinders voor oë bring, want was die stamme in Israel in ’n getal van twaalf opgemaak. As God sy kerk bou dan wil Hy weer dat die twaalf nie misgekyk mag word nie; húlle wat in Christus die nuwe Israel moes begin bou.

Die ou kneg van God, Israel wat veronderstel was om kneg van God te wees, maar hulle het so van God weggedraai, hulle het glad nie daarin kon slaag om as knegte van God, volk van God, die ander volke nader aan God te bring nie. Inteendeel hulle het eerder die ander volke se gode begin aanhang. 10 van die 12 stamme raak heeltemal weg in die Assiriese ballingskap en godedom, uit Juda en Benjamin ’n klein oorblyfsel, kom daar uit die droë stomp tog ’n takkie, ’n blaartjie. Dit wat uitspruit soos uit ’n wortel uit droë grond. Die takkie waaruit Christus sou kom, uit die stam Juda. Christus kom word Kneg van God, wat Israel nie wou wees nie. Ons as kerk moet bereid wees om knegte van God te wees, anders is ons nie kerk nie. Kneg wat bereid is om te buig, om my naaste se voete was, om werklik my vyande ook lief te hê, ja as ons met die preke van Jesus van die berg weer later sou mag voortgaan, dan gaan dit op die einde daaroor, ek moet werklik ook my vyande met liefde kan antwoord en dien. Dalk makliker gesê as gedaan maar ons mag nie maak asof ons dit nie weet nie.

***

Die apostelkring spreek tot ons. Mense van verskillende geaardhede en persoonlikhede maar wat God geroep het en in sy één kerk gebruik het. Petrus was ’n haastige man, baie keer gedoen voor hy behoorlik gedink het ... Simon *Kananites* die yweraar, ’n vroeëre Seloot, Thomas iemand wat maklik getwyfel het, Mattheus was weer meer links van die politieke spektrum van daardie tyd, eers was hy ’n tollenaar, direk in diens van die Romeinse regering, die selote het op sulke mense neergekyk, hulle selfs as verraaiers beskou. ’n Ander Jakobus, want weet ons Jesus het ook ’n broer Jakobus gehad, maar die ander Jakobus en Johannes seuns van Sebedeüs, hulle moeder was Salome, Jesus self gee hulle die bynaam *seuns van die donder* maar hulle sou anders moes word, op hulle bynaam sou hulle nie mag roem, veel eerder moes hulle begin roem met hulle nuwe identiteit in Christus.

In Christus as sy kerk gebou moet word, dan gaan dit nie oor politiek en wat jou politieke oortuigings nou nog is nie, dit gaan om sy koninkryk en of jy bereid is om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Dit gaan daaroor of jy alreeds in Christus bereid is om ook sy kneg te wees. As u volgende Sondag wil Nagmaal vier, moet ons dit kan doen met die nuwe identiteit wat reeds in Christus is, mag ons as knegte van God voor sy Woord wil bly buig.

AMEN